


ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT

# KOERANIA

Maart 2026 Volume 3 Uitgawe Nr 28




KITSNUUS

Lees meer binne

Maatskaplikewerkmaand
*Bl 2*

Alien groet Wilco
*Bl 3*

Vlaamse besoekers bou saam
*Bl 4*

Samewerking bly belangrik
*Bl 4*

Ekonomiese groei knyp
*Bl 4*

Kursus: Diensdialoog
*Bl 5*

Orania Toerismeburo
*Bl 6*

10 vrae: Lynice de Beer
*Bl 7*

Mening: Gesondheidsorg
*Bl 10*

Sporthoogtepunte
*Bl 11*

Skyf in vir Vasbyt
*Bl 12*

## SKAKELS

www.koerania.co.za

Volg ons op sosiale media

## NOODNOMMERS

**Ongevalle | Brand | Veiligheid**

060 501 7877 of 053 207 0089

**Water & Riool | Elektries**

053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 ( Na-Ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar.
Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

# 'n Feitesending wat tot sterker internasionale bande lei

Dia van Staden - Redakteur

In die hartjie van Manhattan, waar die wolkekrabbers van New York die hemelruim oorheers, sou mens dalk nie verwag om 'n passievolle gesprek oor die rooi stof en selfbeskikking van die Karoo te vind nie. Tog is dit presies waar 'n onwaarskynlike, maar kragtige bondgenootskap besig is om wortel te skiet. Die New York Young Republican Club (NYYRC), die grootste en invloedrykste organisasie van sy soort in die Verenigde State, het sy visier stewig op Suid-Afrika gerig—en spesifiek op die Afrikaner. Vir Stefano Forte, die president van die klub, en sy kollega Alex, is die verhouding met die Afrikanervolk nie bloot 'n politieke skuif nie, maar 'n diep gewortelde beskawings-verwantskap wat gebaseer is op gedeelde Christelike waardes, 'n liefde vir vryheid en 'n onblusbare pioniersgees. Stefano en Alex sien die Weste as 'n gebou wat op die fondasie van die Christendom rus, en in die Afrikaner vind hulle 'n volk wat daardie selfde argitektuur van die siel bewaar. Orania word deur hulle beskryf as 'n kulturele faksie en 'n veilige hawe, 'n plek waar normaliteit nie net gekoester word nie, maar aktief gebou word terwyl die wêreld daarbuite soms lyk of dit besig is om uitmekaar te val. Vir hierdie jong Amerikaanse leiers is die belangrikheid van internasionale allansies met minderheidsgroepe voor die hand liggend. Hulle glo dat die Afrikaner tans in die brandpunt staan van wat hulle beskryf as "woke"-ideologie en rasse-gebaseerde beleidstukke soos Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB). Volgens Stefano het die VSA hierdie ideologieë uitgevind, maar het Suid-Afrika dit vervolmaak tot 'n punt waar dit ontaard het in wat hy beskou as die vervolging van wit Suid-Afrikaners. Deur van mekaar te leer, glo hulle dat hulle nie die lesse op die harde manier hoef oor te leer nie. Orania dien vir hulle as 'n baken van wat moontlik is wanneer 'n gemeenskap besluit om sy eie lot in die hande te neem. Die missie van die NYYRC onder Forte se leiding is duidelik: om meningsvormers te wees wat die Republikeinse Party na regs dwing en die gesprek verskuif na temas wat die establishment dikwels probeer vermy. Hulle is nie net besig om kandidate vir die staatsenaat en plaaslike regering te werf nie,




Alex Jaros, Joost Strydom en Stefano Forté tydens 'n oorhandigingseremonie van die New York Young Republican Klub se vlag.

maar bou ook aan 'n internasionale koalisie van regse jeuggroepe wat mekaar kan ondersteun. Hulle werk aktief op die internasionale front en het reeds bande gesmee tydens die Lex Libertas-konferensie in Suid-Afrika. Een van hul mees tasbare projekte is hul betrokkenheid by die bewusmaking van plaasmoorde. Hulle sien hulself as vennote in die proses om die brutaliteit van hierdie misdade onder die aandag van die Amerikaanse Kongres te bring. Forte is oortuig dat die gewone Amerikaanse publiek geskok sal wees as hulle die volle omvang van die geweld verstaan, en hy gebruik sy platform om te verseker dat hierdie stemme gehoor word. Stefano Forte self is 'n man van kontraste. Sy dag begin tipies met gebed en die lees van die Ortodokse kalender, 'n ritueel wat hom anker voordat hy Manhattan aandurf. Hy is 'n uitvoerende direkteur van 'n politieke aksiekomitee, betrokke by fondswerwing vir skoolrade, en 'n flukse leser. Sy besoek aan Orania het hom egter met meer as net politieke indrukke gelaat; hy het daar met 'n pyp met Paul Kruger se gesig daarop vertrek, 'n simbool van sy nuutgevonde vriendskap met figure soos dr. Ernst Roets en Joost Strydom. Alex, aan die ander kant, bring die skerpsinnigheid van 'n beleggingsbankier na die span. Hy erken dat hy aanvanklik min van Orania geweet het, maar was verstom oor die vlak van ontwikkeling, veral instellings soos Bo-Karoo Opleiding en die CVO-skool. Vir hom was die veiligheid vir kinders en die afwesigheid van die verstikkende privaat sekuriteit wat Pretoria en Johannesburg kenmerk, 'n vars briesie—iets wat hom herinner het aan klein dorpies in die Amerikaanse Suidweste. Die gesprek oor Suid-Afrika se toekoms is vir hierdie Amerikaners een van erns. Die NYYRK ondersteun 'n vyfpuntplan vir die land en glo dat 'n funksionele Suid-Afrika noodsaaklik is vir die streek. Hulle is egter krities oor die huidige regering en die manier waarop omstrede uitroepe soos "Kill the Boer" hanteer word. Vir Forte en Alex is dit nie bloot politieke retoriek nie, maar 'n direkte oproep tot geweld wat veroordeel moet word, ongeag die uitsprake van plaaslike howe. Hulle hoop om die toekomstige

KOERANIA REDAKSIE: Redakteur Dia van Staden Grafiese ontwerp: STORM redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180



GEMEENSKAPSNUUS
KOERANIA



KOFFIE EN KLETS
met die redakteur



# Voggies maak jou vaal

Ek het 'n hekel in drankmisbruik. Dronk mense is walglik en die reuk van iemand wat reeds 'n oorvloed geneem het, maak my naar. Die ergste is dat iemand wat dronk is, nie besef dat hul onsmaaklik, onguur, ongemanierd, ongebalanseerd en onsamehangend raak nie. Wanneer die oorbedien van alkohol reeds die sin in onsin verander het, het ek reeds weggestap. Daai stoffie wat daar trek… dit is ek!
En dan is daar vroue wat hulself daaraan skuldig maak. Wat doen jy met jou 3 breinselle wat oor is? Want jou taalgebruik, jou goedkoop lyftaal en sleeptong kan my (of enige ordentlike mens in die omtrek) nie beindruk nie. Dit is net 'n dronker persoon by wie dit byval mag vind. Wat het van selfbeheer geword? Wanneer het selfrespek sy waarde verloor? Wat het van rasionele gesprek geword, sonder dat alkohol bedien word? Hoekom is die tonge meer los of gereed om gal te spoeg wanneer alkohol in oormaat vloei? "Ek is net 'n sosiale drinker..." Ai, my liewe mater, jy leef in 'n droomwêreld! Daardie rubberarm van jou kan sommer gou-gou gedraai word na "nog net enetjie" toe. Of praat ek nou nonsies? "Jy kry die waarheid by 'n persoon wat effe oorbedien is..." SPAAR my dit! Jy wat dit glo, jy lieg ook! Dapperdruppels mag jy dit dalk noem, maar as jy my nie in die oë kan kyk wanneer jy nugter is, en dan die "waarheid" vertel nie, wil ek dit beslis nie met jou sleeptong hoor nie. "Dit is die enigste tydverdryf wat hier is..." Daardie opmerking kan my die mure uitdryf, of laat my opnuut die sportfasiliteite, wye verskeidenheid sportklubs, die wandelpaaie, die fietsryroetes, die pragtige swembad, netjiese parke, braaigeriewe en visvangplek opmerk. Dit is net 'n paar opsies wat ek noem waar gesonde sosiale samesyn kan geskied. Deur iewers betrokke te raak gaan jou per maand minder uit die sak jaag as jou ongesonde energiedrankies of alkoholiese verversings. Hoe bevoorreg is ons om in 'n plek te bly waar jy heerlike water uit die krane kan drink! Dit is nou voorwaar lekker om daardie voorreg te hê en dit te kan misbruik vir 'n sterker innerlike. Gee dit 'n kreatiewe naam om te voorkom dat jy daarvoor gespot word. Voeg 'n ysblokkie of drie en 'n suurlemoenskyfie by en siedaar! Spog met jou boorgatsap of damsap in 'n glas. Nou het ek darem lus vir koffie! Ja, ek weet 'n oormaat daarvan is ook nie goed vir ons nie! Skink hom maar flou. Jy mag ten minste jou woorde en optrede daarna nog vertrou. Ek klink 'n koppie op dié wat selfrespek, selfbeheersing en selfliefde bo selfverwoesting stel!

*Dia van Staden*

RUBRIEK

# Die Wynvlieg waai in Nou, gaan ons braai?

- Wynvlieg Woltemade

Wynvlieg kyk hoe 'n volk by die slaghuis staan en eers die pryse lees. Daar is min frases wat 'n Afrikaner so vinnig laat opstaan soos: "Nou gaan ons braai." Behalwe dalk: "Het jy die vleispryse gesien?" Want skielik raak die gees van die braai effens meer… akademies. Die oom wat gewoonlik sommer twee pakkies ekstra wors vat "vir ingeval", staan nou met sy hande agter sy rug by die slaghuisrak soos 'n man wat oor 'n eiendomstransaksie dink. Dis nie dat ons nie wil braai nie. Ons wil. Ons sal. Maar 'n mens begin eers 'n paar somme maak voordat die vuur aangesteek word. Die tjoppie kyk jou van die rak af aan soos 'n klein belegging. Die wors lê daar met die selfvertroue van iets wat weet hy's gewild. En die pakkie kaas, wat vroeër sommer oopgesny is vir peuselhappies, word nou behandel soos iets wat eers toestemming nodig het. Maar hier is die ding van die Afrikaner: ons mag kla oor pryse, maar ons gee nie maklik die braai op nie. Die slaaie raak net meer kreatief. Die brood word net dikker gesny. En iemand bring altyd daai vriend saam wat sê: "Ek het sommer nog 'n bietjie vleis gebring." Want dis hoe ons werk. Ons pas aan. Langs 'n braai gebeur daar ook ander dinge. Dis waar die land se grootste ekonomiese en politieke analise plaasvind. 'n Oom met 'n braaitang kan binne vyf minute verduidelik presies hoekom alles verkeerd loop en hoe hy dit sou regmaak; mits niemand aan sy vuur karring nie.
En almal knik, want langs 'n vuur glo elke Afrikaner hy kan die land bestuur. Maar tussen die rook en die gelag sien 'n vliegie soos ek iets anders ook: selfs wanneer dinge duur raak, selfs wanneer mense sug by die slaghuis, brand die vuur nog. Want 'n braai gaan nie net oor vleis nie. Dis oor mense. Dis oor stories. Dis oor daai vreemde Afrikaner-instink wat sê: gooi nog 'n hout op en ons kyk weer.
Ek's Wynvlieg Woltemade. Ek sit bo die rooster en luister hoe 'n volk oor worspryse kla... maar steeds die vuur aansteek. En dalk is dit ons geheim: Ons kla hard… maar ons braai nog harder.




vervolg vanaf bladsy 1...

Trump-administrasie te adviseer om spesifiek na plaasmoorde en die impak van SEB te kyk. Hulle sien 'n rol vir spesiale gesante om die regte van selfbeskikkingsgroepe te ondersoek, aangesien hulle glo dat Suid-Afrika tans deur 'n fyn draadjie aanmekaar gehou word. Ten spyte van die donker wolke wat hulle oor die mensdom se algemene trajek sien, hulle glo nie dat die mensdom inherent besig is om "vriendeliker" te word nie, maar eerder in 'n "gevalle staat" verkeer, is daar hoop in hul optrede. Dié twee manne se filosofie is een van self-oorwinning: bou jouself op, gaan kerk toe, oefen, en bou dan jou nasie. Dit is hierdie gees wat hulle in die Orania-idee herken. Hulle sien die Afrikaner as mense wat kultureel belyn is met die beste waardes van Amerika. Stefano gaan selfs so ver as om te sê dat as daar vlugtelinge na die VSA moet kom, dit Afrikaners behoort te wees, alhoewel hy vinnig byvoeg dat hy hoop dit nooit nodig sal wees nie omdat die land te pragtig is om prys te gee. Stefano vertel: "Suid-Afrika is een van die mooiste, maar misbestuurde lande wat ek in my lewe nog beleef het. Orania was ongelooflik. Ons het vriende met Afrikaners gemaak. As gasheer en vriend het ons regtig na aan Joost Strydom en dr. Ernst Roets gegroei. Broederskap, "braaivleis, goeie kos en ongelooflike landskappe sal ons terugbring na die land toe." Die geheim van Stefano en Alex se eie sukses as 'n span lê in hul wedersydse respek vir mekaar se vermoëns. Hulle vul mekaar aan, Stefano as die charismatiese leier wat van voor af lei, en Alex as die strategiese netwerker met 'n sterk intellektuele basis. Saam glo hulle dat hulle onstuitbaar is in hul poging om 'n visie vir 'n beter wêreld te bevorder. Vir eers bly die NYYRK se fokus op die versterking van bande. Hulle belowe om die storie van die Afrikaner na Amerikaanse gehore te neem, nie om hul nuuskierigheid te prikkel nie, maar as 'n broedervolk wat veg vir dieselfde waardes van vryheid en tradisie wat hulle in die strate van New York probeer herstel. In die gedeelde gesprekke oor braaivleis, geloof en die toekoms, het die afstand tussen Manhattan en die Karoo skielik baie kleiner geword.

**Die besoekers van die NYYRK het die Paul Krugerbeeld saam met 'n groep van die gemeenskap besoek. Die Oraniavlag pryk in die klubhuis van die NYYR.**






Foto's: Dia van Staden

Stefano Forté... Van Long Island en Manhattan na die Karoo was vir hom 'n unieke reis wat hy graag weer sal wil herhaal. Die New York Young Republicans se volgende besoek sal op plaasmoorde fokus.




Alex Jaros - Die jaarlikse Lex Libertas-konferensie en die voortsetting van 'n dialoog was sy aanvanklike lokaas na Suid Afrika. Hy werk die afgelope drie jaar al saam met Ernst Roets. Ons het 'n kampvegter in dr. Ernst Roets vir die Afrikaner.

# BESOEKERSMENING

- deur Yolanda Lemmer

As joernalis het ek vroeg in my loopbaan geleer om nooit mense op grond van hul besluite te oordeel nie; elkeen het die reg om te bly waar hul wil, te werk waar hul wil en ook om hul vriende te kies – ongelukkig nou nie ons familie nie – maar dit is 'n storie vir 'n ander dag. Ek was altyd 'n bietjie bang vir Orania, omdat ek konserwatief-liberaal is – as ek nou my eie ideologie moet etiketteer. Ek was bang vir 'n vuishou of twee (Burger van Orania ek koes maar vir jou reusehande), vir oordeel of 'n spreekwoordelike klap in die gesig omdat ek dalk nie 'n regte Afrikaner is nie. Ek is besig om 'n boek oor die Afrikaner van 2026 se skryf wat teen Oktober 2026 op die rakke behoort te wees – en Orania was ook in my pen se ink. Ek weet nie wat het ek verwag toe ek en my man Orania vroeg in Maart binne ry nie – dalk 'n spul rassiste, dalk karakters uit Andre P. Brink se Duiwelskloof. Ek het myself egter voorgeneem om nie enige vooropgestelde idees te hê nie, maar om mense te ontmoet en te luister. Ek het nie Utopia gevind nie, maar mense. Ek het nie rassiste gevind nie, maar doodgewone goeie mense. Ek het nie oordeel gevind nie, maar gasvryheid en baie drukkies. Sal ek in Orania gaan woon? Ek dink nie so nie, want ek hou van die stad se liggies. Ek hou van 'n multikulturele samelewing en werksplek. Maar weereens, ons almal het keuses. En ons moet leer om mekaar se keuses te respekteer. Orania het my oë vir baie dinge oopgemaak: die grootste daarvan liefde en aanvaarding."



**Rieghardt en Yolanda Lemmer het 'n paar dae in Orania vertoef om self te sien waaroor die bohaai gaan.**

KOERANIA

# Alien neem afskeid van Wilco

## 'n Gebreekte rug breek nie haar geloof nie

Dia van Staden



Alien van Wyk

Alien van Wyk se lewensverhaal is 'n kragtige getuienis van herstel en diepe dankbaarheid. Nadat sy vir 20 jaar 'n huisvrou en 'n passievolle dansinstruktrise was, het haar wêreld in 2008 onherroeplik verander toe sy haar rug gebreek het. Ten spyte van verlamming en 'n moeisame rehabilitasieproses van agt maande, het sy weer tree vir tree leer loop—'n wonderwerk wat die fondament vir haar onwankelbare geloof gelê het. Op 1 April 2016 het sy in Orania aangekom met niks meer as haar motor, haar klere en haar seun, Tiaan, nie. Sy het nie eers 'n teelepel besit nie, maar haar vertroue was in die Here geplaas.

Tiaan is by die CVO-skool ingeskryf en toe sy daar in haar motor klim het 'n telefoonoproep haar hoop hoog laat brand. 'n Oproep van Willie Nel het die weg gebaan vir 'n nuwe begin by Wilco. Alien het op 1 Mei 2016 as skoonmaker begin en is minder as 'n jaar later as ontvangsdame aangestel. Hoewel sy aanvanklik nie eers geweet het hoe om 'n skootrekenaar aan te skakel nie, het sy met die hulp van kollegas gegroei tot die punt waar sy vir baie die "gesig van Wilco" geword het. Gedurende haar byna tien jaar by Wilco het die maatskappy as 'n uitgebreide familie gefunksioneer. Hulle het saam deur uitdagings soos die afsterwe van Kobus Nel, die COVID-19-pandemie en Van Wyk se eie gesondheidskrisisse (soos 'n gebarste maagseer) gegaan. Hierdie lae personeelomset by Wilco word toegeskryf aan 'n kultuur waar lojaliteit en onderlinge omgee bo bloot ekonomiese gewin geprioritiseer word. Willie Nel beskryf Alien as 'n unieke persoon wie se vriendelikheid en werksetiek die kern van die besigheid se waardeaanbod gevorm het. "Sy het nie net 'n produk verkoop nie;

sy het kliënte met 'n gevoel van omgee laat vertrek." Op 13 Maart 2025 het 'n nuwe hoofstuk vir haar begin toe sy met Werner van Wyk getroud is. Sy het besef dat sy haar beste ure vir jare aan haar werk gegee het en dat dit nou tyd is om daardie selfde vriendelikheid, tyd en liefde aan haar man en gesin te wy. Sy verlaat Wilco nie uit ontevredenheid nie, maar met 'n hart wat oorloop van dankbaarheid. Vir haar is dit 'n voorreg om die droom wat sy as dogtertjie in Ventersdorp gehad het—om met 'n boer te trou—nou voltyds te gaan uitleef.

As 'n vrou wat daarna streef om die beginsels van Spreuke 31 na te volg, sien sy haarself as 'n bidder wat daagliks die wapenrusting van God vir haar man en kinders aantrek. Hierdie fokus op die gesin as die hoeksteen van die samelewing is in lyn met Orania se konserwatiewe Christelike waardes.

Sy laat haar kollegas agter met die boodskap om "sag met mekaar" te wees en herinner die mense van Orania om altyd te onthou wie hulle is en waar hulle vandaan kom.

Sy stap die toekoms tegemoet met opgewondenheid,

omring deur haar man Werner en hul uitgebreide gesin, wat Tiaan, Cara, Liezl, Werner jnr, hul kleinkind en skoonfamilie insluit, vas oortuig dat die Here haar tot hier gedra het.

# Orania: 'n Doelbewuste gemeenskap


Orania word as 'n "doelbewuste gemeenskap" (ook bekend as 'n intentional community) beskryf omdat dit 'n beplande woongebied is waar mense vrywillig kies om saam te woon op grond van gedeelde kulturele, sosiale, politieke en godsdienstige waardes. Hier is die kernredes waarom hierdie term op Orania van toepassing is:

Gedeelde visie en waardes: Die gemeenskap is gestig met die spesifieke doel om die Afrikaner-kultuurerfenis, die Afrikaanse taal en Christelike waardes te bewaar. Inwoners streef na 'n gemeenskaplike doelwit van selfbeskikking en kulturele selfstandigheid. Vrywillige keuringsproses: Anders as 'n gewone dorp waar enigeen kan intrek, moet voornemende inwoners van Orania deur 'n formele verblyfregproses gaan. Hierdie keuring verseker dat nuwe lede die gemeenskap se doelwitte en waardes, soos 'n skoon kriminele rekord en getrouheid aan die Afrikaner-identiteit, onderskryf.Eiesoortige sosio-ekonomiese model: Die dorp funksioneer volgens die beginsel van "eie arbeid" (selfwerksaamheid), wat vereis dat alle werk, van handearbeid tot bestuur, deur die inwoners self gedoen word.

Hierdie model is 'n doelbewuste breuk met tradisionele Suid-Afrikaanse arbeids-praktyke om onafhanklikheid te bevorder.

Hoë sosiale kohesie: Doelbewuste gemeenskappe word ontwerp om 'n hoë mate van spanwerk en onderlinge ondersteuning te bevorder.

In Orania manifesteer dit in eie instellings, soos 'n eie koepon-stelsel (die Ora), eie skole en maatskaplike hulp-skemas wat die gemeenskap help om minder van die staat afhanklik te wees aangesien daar geen finansiële staatshulp vir die gemeenskap bestaan nie. Kortom, dit word "doelbewus" genoem omdat elke aspek van die dorp se inrigting, van wie daar mag woon tot hoe die ekonomie werk, met 'n spesifieke ideologiese en kulturele plan voor oë ontwerp is.





# ‘n Pad na Vryheid

## Vlaamse broederskap versterk Orania se Stadsboufonds

Dia van Staden - Redakteur

In ‘n betekenisvolle gebeurtenis wat die bande tussen Orania en sy internasionale stamlande herbevestig het, is die pad na selfbeskikking onlangs fisies en simbolies verder gebou. Tydens ‘n spesiale geleentheid waar die Stadsboufonds openbaar bekendgestel is, het die besoek van drie Vlaamse parlementslede die fokus geplaas op Orania se groeiende internasionale netwerk en die gedeelde strewe na vryheid.

Pieter Bisschoff het die gehoor en die oorsese besoekers verwelkom, met ‘n spesiale woord van dank aan die “Vriende van Vlaandere”. Frans de Klerk, uitvoerende hoof van die Orania Ontwikkelingsmaatskappy (OOM), het die belangrikheid van verhoudinge met stamlande beklemtoon.

Aangesien Orania geen staatsbydraes ontvang nie, is die Stadsboufonds — ‘n inisiatief wat vanuit die Solidariteit Beweging gebore is met die Orania Beweging as vennoot — deurslaggewend.

Die fonds subsidieer noodsaaklike infrastruktuur, wat die koste van vestiging in Orania verlaag. Suksesse soos die R2,7 miljoen vir die Krugerbeeld en omliggende terrein, R1 miljoen vir optiese vesel en beleggings in kragsensors (Orasol) getuig reeds van die fonds se impak. Die hoogtepunt van dieaand was die toespraak deur Tom van Grieken, die voorsitter van die Vlaams Belangparty.

Namens ‘n party met meer as ‘n miljoen stemme, het hy vertel hoe hy geen afstand tussen Vlaandere en Orania voel nie, maar eerder ‘n familie- en broederlike band ervaar.

Hy het sy bewondering uitgespreek vir die moed van die Afrikaner met die treffende vraag wat hy dikwels in België vra: “Wat zou de Afrikaners doen?” (WZDAD). Volgens hom bou die Afrikaner omdat hulle weet vir wie hulle bou. As tasbare bewys van hierdie ondersteuning het hy ‘n skenking van 10 000 Euro aan Frans de Klerk oorhandig.

Joost Strydom van die Orania Beweging het dit duidelik gemaak dat Orania se paaie meer is as net vervoerweë; dit is ‘n boodskap aan die wêreld. "Ons bou paaie, maar wat wys ons vir die wêreld? Ons wys vryheid," het hy gesê. Die Stadsboufonds het tydens die geleentheid R1,7 miljoen aan die Orania Dorpsraad oorhandig vir die voltooiing van ‘n kritieke servituutpad.

Gawie Snyman, uitvoerende hoof van die Dorpsraad, het opgemerk dat hierdie pad veiligheid en toegang vir studente en ouers van die CVO-skool en Bo-Karoo Opleiding sal verbeter.

Hierdie samewerking tussen plaaslike instellings en internasionale vriende is die fondament van ‘n moderne Afrikanerstad.

Elke kilometer teer en elke skenking uit die buiteland is ‘n stap nader aan ‘n volhoubare, selfstandige toekoms.


Frans de Klerk en Tom van Grieken


Joosst Strydom

Frans de Klerk, André van Heerden, hoof van Ingenieursdienste, Joost Strydom en Tom van Grieken het elkeen fisies ‘n graaf in die hand geneem om ‘n simboliese bydrae tot die bou van die pad te lewer.

# Samewerking ontsluit Orania se groei

Dia van Staden

Gawie Snyman, die Uitvoerende Hoof van die Orania Dorpsraad, het onlangs ’n hartlike mosie van dank uitgespreek teenoor die direkteure van die Orania Ontwikkelingsmaatskappy (OOM) en die bestuur van die Stadsboufonds. Hierdie gebaar van waardering volg op die suksesvolle samewerking wat weereens bewys het wat bereik kan word wanneer ’n gemeenskap doelgerig saamstaan. Vir Snyman is die teer van die belangrike servituutpad nie bloot ’n finansiële transaksie of ’n stuk siviele ingenieurswerk nie, maar ’n kragtige belegging in volhoubare Afrikaner-selfbeskikking. Hierdie pad dra die meeste verkeer in Orania en die opgradering daarvan bied onmiddellike voordele aan instellings soos die Orania CVO-skool en Bo-Karoo Opleiding (BKO), aangesien dit veiliger en meer waardige infrastruktuur vir ouers en studente verseker. Die Stadsboufonds het homself deur die jare as ’n onmisbare bougenoot in Orania se verhaal bewys. Benewens die huidige padprojek, het die fonds reeds betekenisvolle bydraes gemaak, insluitend R600 000 vir die verbetering van die gemeenskapsaal en R1 miljoen vir die uitrol van optiese vesel. Hierdie vennootskap versterk die pad na groeiende selfbeskikking, waar elke nuwe netwerk of verbeterde saal bydra tot die breër ontwikkeling van die gemeenskap. Wat die servituutpad betref, is die volle R1,7 miljoen van die Stadsboufonds aangewend om die projek te voltooi. Hoewel die aanvanklike raming vir die pad R4,2 miljoen was, dui die jongste projeksies daarop dat die totale koste nader aan R3,7 miljoen sal wees, wat van wyse hulpbronbestuur getuig. Wat die finansiële volhoubaarheid van die dorp betref, bly Snyman optimisties ten spyte van globale ekonomiese druk. Hoewel Orania se vyf-jaar gemiddelde groei van tussen 10% en 15% per jaar onlangs na 5% gekrimp het, beklemtoon hy dat hierdie simptome van globale ekonomiese uitdagings is, wat ook ‘n beduidende invloed op ander dorpe en stede in Suid-Afrika het. Die ekonomiese druk het beteken dat ons mense na meer stedelike ekonomieë verhuis het. Sou Orania voortgesette lae bevolkingsgroei toon, wat die dorp se historiese eksponensiële groei uitwis, kan ekonomiese druk toeneem.


Gawie Snyman, Uitvoerende Hoof van die Orania Dorpsraad.

Die 2026-begroting is daarom konserwatief opgestel en is tans stewig op skedule. Inwoners vra dikwels hoekom daar nie meer gedoen word om industrieë te lok nie, waarom mense wegtrek, of of daar nog na ’n volkstaat gewerk word. Vir Snyman lê die antwoord in die skepping van ’n omgewing waar die gemoderniseerde, stedelike Afrikaner kan vestig; Orania moet net bly doen wat ons reeds doen en elke geleentheid maksimaal benut. Hy erken dat die eiendomsmark in 2025 afgekoel het, maar vroeë aanduidings is dat eiendoms-verhandelinge reeds aan die toeneem is. Hy glo dat die Dorpsraad se verlaging van oordragskoste toetrede tot die eiendomsmark in Orania vergemaklik, terwyl dit steeds ’n stabiele inkomste bied wat ‘n positiewe invloed op die Dorpsraad se kontantvloei het. Snyman erken dat die somme dikwels wysheid en geloof verg, veral omdat Orania self vir grootmaatdienste soos onder andere die onlangse waternetwerk opgraderings, of verhoogde Eskom-aansluitings moet betaal sonder hulp uit die staatskas. Ten spyte van kritiek oor die persepsie van hoë heffings, verduidelik hy dat Orania mededingend opereer sonder die tesouriefondse waaroor dorpe soos Oudtshoorn beskik. Die visie bly om die belastingbasis deur verkope te vergroot eerder as om heffings te verhoog. Wanneer daar ’n leemte ontstaan, vra hy dat die gemeenskap reageer met die gesindheid: “Wat kan ons doen om dit te vul?” Hierdie vennootskap tussen instellings moet voortgesit word tot eer van God, tot voordeel van die mense en ter wille van die voortbestaan van die Afrikaner.

# ‘n Nuwe era van belegging

Dia van Staden

Vir dekades lank is Orania hoofsaaklik as ’n politieke projek bemark, maar as dit van Werner Fourie en die Orania Ontwikkelingsmaatskappy (OOM) afhang, is die dorp vinnig besig om as ’n ernstige ekonomiese bestemming te ontwaak. Met die beplanning van ‘n kantoor wat op die ekonomiese ontwikkeling van Orania sal fokus, is volhoubare groei, infrastruktuur en die lok van doelgerigte kapitaal in die kollig.

Volgens Fourie is die primêre doel van die inisiatief om Orania se ekonomiese vooruitgang te dien.

Waar die politieke boodskap voorheen oorheers het, word die ekonomiese narratief nou verskerp. Fourie glo die dorp het reeds die nodige voorwaardes vir groei geskep: deurlopende infrastruktuurontwikkeling, uitnemende munisipale dienste, veiligheid en ’n stabiele lewenskwaliteit tussen eie mense.

“Ons het ’n bemagtigende omgewing gebou, maar die boodskap is nog nie wyd genoeg onder sakelui bekend nie,” sê Fourie.


Werner Fourie

Die kantoor wil Orania nou aktief as ’n ekonomiese trekpleister bemark, eerder as net ’n kulturele tuiste. OOM se strategie is tweeledig:

1. Dit is eerstens om Orania se waardeaanbod aan sakelui te bemark.
2. Tweedens is dit om die sakelui te help met arbeid, ‘n perseel en aansoekprosesse om in Orania te vestig.

Om hierdie proses te vergemaklik, word die OOM-webwerf tans herontwerp om as ’n volledige "eenstopplek" vir voornemende sakelui te dien. Van verblyfregprosesse tot inligting oor die werkinge van Orania se ekonomie. Daarbenewens sal daar moontlik in die nabye toekoms ’n formele program vir potensiële beleggers ingestel word, wat dorpstoere en gesprekke met kontakpersone insluit.

Wat die toekoms betref, fokus Fourie op die streek se sterk punte. Hy sien groot geleenthede in die landbou, maar ook in lae-volume, hoë-waarde produkte soos juwele. Toerisme, e-handel en die uitvoer van kennis is eweneens op die radar. ’n Opwindende, dog langtermyn-item op die wenslys, is die ontwikkeling van lugvaartdienste en ’n sentraal-geleë provinsiale lughawe om handel te bevorder.

Fourie daag ook die algemene "skaarsheidsmentaliteit" uit wat dikwels deur die media gedryf word. Met verwysing na die boek Superabundance, beklemtoon hy dat innovasie en menslike kreatiwiteit waarde toevoeg wat fisiese beperkings oorskry. "Die enigste ware tekort in die wêreld is tyd," meen hy.

Vir die afgelope 35 jaar het Orania sy politieke idees suksesvol aan die wêreld uitgedra en nou is dit nodig om ook ons ekonomiese stem te hef. Die sukses van hierdie ekonomiese uitbreiding sal uiteindelik op gemeenskapsbetrokkenheid berus. ’n Formele bekendstelling word beplan sodat inwoners hul eie netwerke kan inspan om die boodskap te versprei. Vir Orania gaan die toekoms nie net oor oorlewing nie, maar oor ’n vryemark-gedrewe floreerfase wat as model vir die res van die land kan dien.

# Diensdialoog vir kwaliteit kliëntediens ⭐


Dia van Staden en Contessa Kruger

Enige persoon wat gereeld met besoekers of hoë profiel persone oor Orania gesels sal bewus wees van die feit dat dit uiters belangrik is om feitelik korrek, sensitief en met emosionele intelligensie oor die Orania-idee en ons unieke eienskappe te kommunikeer. Behalwe vir sterk vooropgestelde opinies waarmee besoekers of media die idee wil uitdaag, is daar ook diegene wat skoorsoekvrae aan jongmense rig om hul Afrikanerskap te bevraagteken. Na verskeie versoeke om die kwaliteit van diensverskaffers, kelners, ontvangspersoneel, persoonlike assistente en enige individu wat met die publiek werk, se kliëntediens en algemene diensbaarheid te verhoog, is Diensdialoog geskep. Diensdialoog word vanaf Woensdag 27 April tot Vrydag 29 April by die GVS-gebou in Orania aangebied. Die 4uur sessies sal oor die 3 dae van 09:00 tot 13:00 aangebied word en sal onderwerpe soos persoonlikheidstipes, selfbeeld, voorkoms, kleredrag en kommunikasiestyle insluit. Die verskillende konflikstyle sal deur Dia van Staden, lewensafrigter, bespreek word en werksetiek sal 'n deurlopende tema wees. Ditjies en datjies van sosiale gesprek en rolspeloefeninge sal bydra tot praktiese leer. Contessa Kruger van Herlaai, en Dia is kenners wanneer die onderwerp van persoonlikheidstipes in die werkplek bespreek word. Die grootste kommunikasie guru's is dit eens dat luister 'n belangrike rol speel wanneer kommunikasie ter sprake is. Dienslewering, sosiale etiket en toonbanktaal sal hanteer word. Telefoonetiket bly 'n belangrike aspek wanneer afsprake gemaak word of bestellings geneem word, maar die belangrikheid daarvan word dikwels geignoreer. Dag 3 sal dienslewering van nader bekyk, aangesien Oraniërs graag vir daardie kwaliteite gekomplimenteer en erken wil word. Al die aspekte wat bespreek word het dit ten doel om toerisme in ons dorp te versterk. "Ek wil sien dat besoekers Orania verlaat met 'n gevoel dat hulle beter diens gekry het as wat hul enigsins verwag het," noem Paul Vogel van Bo-Karoo Opleiding. Frans de Klerk en Burger Lambrechts, wat gereeld namens Orania met belanghebbendes oor Orania kommunikeer, verstaan die belangrikheid van kwaliteit kommunikasie, diens en ingeligte antwoorde op soms komplekse vrae. Soortgelyke vrae en antwoorde sal bespreek word. Nasionale en internasionale besoekers word gereeld in Orania verwelkom, en die verantwoordelikheid om kwaliteit diens te lewer sluit al dié bogenoemde aspekte in. Indien jy die eienaar van 'n besigheid is waar enige skakeling met besoekers geskied, sal die kursus veral vir jou eerstekontakpersoneel van waarde wees. Tydens die kursus sal persone ingelig word oor die feite en flaters van vrae oor Orania, die versterking van kommunikasievermoë, belangrikheid van kwaliteit dienslewering plus emosionele intelligensie en praktiese oplossings vir uitdagende kliëntesituasies.
Die kursusfooi sal R1 500-00 per persoon beloop, wat kursusmateriaal sal insluit. Beperkte plekke is beskikbaar en individue of personeel van instellings moet dus wikkel om te registreer.

Bankbesonderhede
Bank: FNB
Rekeningnaam: Bo-Karoo Opleiding
Tjekrekeningnommer: 626 785 795 94
Takkode: (Hopetown) 230203
Verwysing: Naam Van DSeminaar

Hier is die skakel vir jou en jou personeel se registrasie: https://bko.co.za/diensdialoog-seminaar/
Registreer jou plek deur op die bogenoemde skakel te klik of stuur 'n e-pos na karin@bko.co.za met navrae. Skakel 053 1100620 indien jy meer inligting benodig.

## ORANIADAGBOEK

**Maart**
21 Ekonomiese beraad
26 OTV TegTog (spreker)
27 Vlooimark 17:00 Stokkiesdraaipark

**April**
3 Goeie Vrydag
3 – 6 o/25 Bokkieweek
6 Paas Maandag
6 Stigtingsdag (OAB)
9 AJV Orania Sakekamer
10 Bekendstelling van nuwe Ora-reeks
30 April – 2 Mei Orania Helpmekaar Vasbyt

**Mei**
14 Hemelvaart
31 Bittereinderdag (FAK/OOM)

Stuur jou gebeure se volledige inligting na advertensies@koerania.co.za

## Orania Vakansiedae 2026

| Datum en verantwoordelike instelling | |
|---|---|
| 1 Januarie - Donderdag | Nuwejaarsdag |
| 27 Februarie - Vrydag | Majubadag (BKO) |
| 3 April - Vrydag | Goeie Vrydag (Kerke) |
| 6 April - Maandag | Paasfees Maandag (Kerke) |
| 6 April - Maandag | Stigtingsdag (Orania Dorpsraad) |
| 14 Mei - Donderdag | Hemelvaartdag (Kerke) |
| 31 Mei - Sondag | Bittereinderdag (FAK/OOM) |
| 14 Augustus - Vrydag | Taalweek (Oker) |
| 10 Oktober - Saterdag | Heldedag (Orania Beweging) |
| 11 November - Woensdag | Witkruisdag (gedenkdag, nie vakansiedag) |
| Bewaringstigting | |
| 16 Desember - Woensdag | Geloftedag (Geloftefeeskomitee) |
| 25 Desember - Vrydag | Kersfees |
| 26 Desember - Saterdag | Welwillendheidsdag |

# Renaldo Gouws: 'n Visie van selfbeskikking en konserwatiewe trots

- Dia van Staden

Die naweek van 8 Maart 2026 het die politieke landskap van die Karoo 'n vars perspektief gekry toe Renaldo Gouws, bekende politieke stem en VF+-lid, sy indrukke van Orania gedeel het. Vir Gouws was hierdie besoek nie net 'n uitstappie nie, maar 'n bevestiging van 'n diepgaande politieke oortuiging: dat 'n gemeenskap kan floreer sonder om aan die hand van die sentrale regering te hang.

**'n Gemeenskap wat self doen**
Gouws beskryf Orania as die skoonste, veiligste en vriendelikste plek in Suid-Afrika. Vir hom was die mees treffende oomblik die gesig van twee kinders wat onbesorg op hul fietse ry, sonder die konstante toesig van bekommerde ouers. "Dit laat jou dadelik besef hulle voel veilig," sê hy.
Sy grootste les uit die besoek? Selfbeskikking. Hy glo dat wanneer mense in dieselfde rigting kyk en 'n gedeelde visie het, die staat se inmenging oorbodig word. Hy trek 'n skerp vergelyking met die Ngonyama Trust en die Zulu-koninkryk – wat selde gekritiseer word – en vra waarom 'n klein dorpie in die middel van die land dan soveel teenkanting uitlok?

**Die stryd teen die narratief**
Gouws, wat reeds in 2008 sy stem op sosiale media begin dikmaak het, is nie vreemd vir konflik nie. Met 'n meestersgraad in Industriële Sielkunde en jare se ondervinding as 'n opponerende stem, erken hy dat die hoofstroommedia dikwels 'n vyandige narratief skep. Tog bly hy onwrikbaar.
"Ek vertrou dat God my sal beskerm, en as dit my tyd is, is dit my tyd," sê hy oor die risiko's van sy politieke loopbaan. Hy beklemtoon dat hy alles in sy vermoë doen om sy gesin te beskerm, maar weier om deur vrees regeer te word. Hierdie ingesteldheid strek ook na sy siening oor veiligheid in die gemeenskap. Hy glo dat misdaad, soos verkragting en moord streng hanteer moet word, dat die doodstraf selfs vir ernstige misdade heringestel moet word. Vir hom is regverdigheid en beskerming van inwoners fundamenteel vir 'n dorp soos Orania, en dit vorm deel van die wyse waarop die gemeenskap vorentoe gebou kan word.

**'n Nuwe kurrikulum vir die jeug**
As dit by die jonger generasie kom, is Gouws passievol oor identiteit. Hy kritiseer die huidige skoolkurrikulum wat, volgens hom, die Afrikaner dikwels slegs in 'n negatiewe lig stel. Hy herinner die jeug aan prestasies soos hartoorplantings, Eskom en Denel as produkte van Afrikaner-vindingrykheid. Vir Orania om te oorleef, glo hy die dorp moet sy eie storie vertel en instansies bou wat die jeug daar sal hou deur modernisering, vermaak en toerisme. As voormalige DA-parlementslid het Gouws ook sterk standpunte oor die skoolkurrikulum ingeneem.

**Politieke koers: Konserwatiewe waardes**
As VF+-verteenwoordiger is sy boodskap duidelik: Suid-Afrika se redding lê in die terugkeer na Christelike waardes en beginsels. Hy verwerp liberalisme en kommunisme as mislukte eksperimente en moedig Afrikaners aan om onbeskaamd trots op hul herkoms te wees.

**Toerisme**
Sy fokus op veiligheid en gemeenskapswaardes maak dat Orania kan floreer en besoekers kan aantrek, terwyl moderne instansies en vermaak die jeug betrek en die dorp se unieke identiteit eerder versterk. Hy vertel dat hy en 3 reisgenote meer as R6 000-00 in die dorp spandeer het. Met winkels wat Saterdag langer ure beskikbaar was en selfs Sondae oop was sou hul meer kon spandeer. "Die dorp is te groot om te dink dat 'n Saterdag genoeg is om alles te ontdek. Die tye beperk 'n lewendige toerismemark," deel hy.

Hy vertel dat die kaart van Orania wat aan hul oorhandig is verouderd is en dat daar nie 'n lys of boekie met inligting oor besienswaardighede beskikbaar was nie. Gouws se visie vir Orania is een van groei – waar winkels oor naweke langer oopbly, 'n groot bus toeriste van plek tot plek rondry, en die "Departement van Fopnuus" getakel word deur proaktiewe skakelwerk buite die grense van die dorp. Hy verlaat die dorp met 'n finale boodskap aan die inwoners: "Wees trots op wat julle het. Ek is jaloers op hierdie skoon, netjiese, vriendelike dorp wat veiligheid bied."



Laurynne en Renaldo Gouws het hulle naweek in Orania baie geniet en as ingeligte individue opinies begin lewer.

# Orania Toerismeburo wil besoekers lok

Toerismegesprekke is oplossingsgedrewe
Drie unieke gespreksgeleenthede is gedurende 2025 vir genooide lede van die Orania gemeenskap geskep om saam te gesels oor die moontlikhede om toerisme in die dorp en omgewing te ontwikkel.
Daar is gedurende Junie 2025 'n navorsingsdokument deur Werner Fourie, 'n streekontwikkelingsekonoom en sekretaris van die Orania Sakekamer, saamgestel, wat as basis vir die gesprekke kon dien. Deelnemens aan die eerste twee gesprekke was dit eens dat daar baie werk is om die kwaliteit van die gasvryheidsbedryf en dienslewering in Orania oor die algemeen na 'n volgende vlak te neem.
Werner se navorsing het die volgende getoon: "Toerisme hou verskeie voordele vir Orania in. Die grootste voordeel is dat dit tot werkskepping kan lei en die omloop van geld in die dorp se ekonomie vermeerder. 'n Ander voordeel van toerisme is dat dit kommunikasie en bande tussen verskillende gemeenskappe versterk."
"Orania se eie arbeid en eie instellings is bemarkbare eienskappe wat unieke bemarkingsgeleenthede bring," noem Dia. Volgens haar word die toerismegesprekke gekenmerk deur komplimente vir wat werk, maar praktiese en idealistiese voorstelle vir die verbetering van vele interne aspekte oorheers tans die gesprekke.
Kommentaar wat tydens die gesprekke geopper was het die ontwikkeling van die huidige vliegveld tot 'n volwaardige lughawe, sodat dit baie toeriste lok, ingesluit. Ander kommentaar wat genoem was: toegang en fasiliteite vir gestremdes ontbreek, kulturele inligting word nie bemarkbaar aangebied nie, die vooraansigte en tuine van besighede nie aantreklik is nie, indiensopleiding vir personeel om diens te lewer en beter te kommunikeer ontbreek en dat genoeg vars produkte nie plaaslik verbou word nie. Die afwesigheid van 'n volwaardige hospitaal en meer mediese dienste, wat 'n primere trekpleister vir nuwe inwoners sou wees, was as krities bestempel. Intussen het die Orania Gesondheidsorg hul deure geopen.
Gespreksgenote was dit eens dat dit tyd is om minder te praat en van rat te verwissel om ter wille van plaaslike besighede die toerismesektor te ontwikkel.
Alhoewel toerisme in Orania geweldige groeipotensiaal kan ontsluit, lê daar verskeie gesprekke met die formele instellings voor om hiermee behulpsaam te wees deur geleenthede en 'n werkbare model te skep of moontlik te maak.
Stuur gerus 'n e-pos na dia@mweb.co.za indien jy voorstelle het waarmee toerismemoontlikhede ontsluit kan word.






# Vry, veilig en voorspoedig

## *Bou jou toekoms by BKO*


By Bo-Karoo Opleiding (BKO) kry jy meer as 'n kwalifikasie, hier word jy deel van 'n doelgerigte leeromgewing waar jou toekoms prakties en doelbewus gebou word. Die Beroepsertifikaat: Elektries bied 'n tweede inname in Julie, 'n ideale geleentheid vir voornemende studente wat nie aan die begin van die jaar kon inskryf nie, of net onseker was oor hulle loopbaan vooruitsigte.

Hierdie program fokus op praktiese vaardighede en werksgereedheid, en rus studente toe om met selfvertroue die elektriese bedryf te betree. Met kundige opleiding en relevante praktiese blootstelling, word jy voorberei vir 'n loopbaan waar vaardigheid en betroubaarheid saak maak.

Opsoek na 'n studietuiste? Belangstellendes word hartlik uitgenooi na BKO se opedae op Vrydag 12 en Saterdag 13 Junie. Kom besoek die kampus en fasiliteite, ontmoet die personeel, leiers en studente, en ervaar die vlytige studentelewe eerstehands. Van sport en kultuur tot akademiese uitnemendheid – by BKO leef ons voluit.

Hierdie is verseker meer as 'n kampusbesoek, dit is 'n uitnodiging om te hoor waarheen ons op pad is, en hoe ons op 'n stewige grondslag van Christelike waardes bou en trots gewortel is in Afrikanerkultuur. Registreer hier: https://bko.co.za/opedag-besprekingsvorm/ of skandeer die kode.

Vir verdere navrae kontak BKO by WhatsApp 0617681852.









# 10 VRAE AAN...

# Lynice de Beer

## EIENAAR VAN SPRANK






**1. Hoe het jy op die naam SPRANK vir jou besigheid besluit?**

SPRANK is eintlik my persoonlikheid — dis wie ek is en wat ek uitstraal. Ek was nog altyd 'n positiewe mens wat die glas half vol sien, graag glimlag en in die goeie in mense glo. Mense het oor jare vir my gesê ek het 'n sprankelende persoonlikheid wat 'n plek kan ophelder. Met die begin van my besigheid het ek besef dat as jy 'n kind van God is, kan jy nie anders as om te sprankel nie. So het die naam SPRANK ontstaan — oorspronklik uit die woord sprankel.

**2. Wat is die korttermynplanne vir jou besigheid?**

Ek wil my huidige kliënte se handelsmerke só sterk maak dat hulle sigbaar skitter en sprankel, sodat mense onmiddellik weet wat hulle doen en waar om hulle te kry. Ek fokus nie op kwantiteit nie, ek fokus op kwaliteit. Daarom gee ek doelbewus persoonlike aandag aan elke kliënt en hul besigheid se behoeftes, waardes en groei.

**3. Watter geleenthede sien jy vir jou persoonlike en professionele ontwikkeling?**

Persoonlik wil ek bly groei in balans. Ek wil hê my lewe moet wys dat ek 'n kind van die Here is — dat Hy eerste kom, dan my gesin, en dan my besigheid. Professioneel glo ek vas dat God die grondslag is waarop my hele onderneming gebou is. Ek leer voortdurend nuwe vaardighede aan, woon kursusse by en brei my kennis uit — soos byvoorbeeld die Invigilator-opleiding vir die vliegskool, wat iets heeltemal nuuts en baie opwindend was. Ek leer ook baie by ander mense in dieselfde bedryf.

**4. Wat is die grootste uitdaging wat jou besigheid tans in die gesig staar? Wat doen jy om dit te oorkom?**

Tydsbestuur is waarskynlik die grootste uitdaging wanneer jy 'n eenvroubesigheid bedryf. Ek werk met gestruktureerde beplanning, inhouds-kalenders en deeglike navorsing — selfs tot op watter dag en tyd 'n plasing die meeste impak gaan hê. Soms beteken dit 'n vroeë oggend plasing. Soms is dit ná kantoorure. Maar as dit my kliënt se sigbaarheid kan versterk, is ek bereid om daardie ekstra paar minute te gee. Ek probeer my bes om gesinstyd te beskerm, maar soms moet mamma vinnig agter die rekenaar inskuif terwyl pappa en die kinders in die huis is.

**5. Wat is vir jou die kernbeginsels wat jy aanwend om 'n besigheid se handelsmerk uit te dra?**

Konsekwentheid. Egtheid. Duidelikheid. 'n Handelsmerk moet herkenbaar wees, maar ook menslik. Ek glo nie aan "net mooi" nie — daar moet strategie agter elke plasing wees. Ek leer ook my kliënte as mense ken. Agter elke handelsmerk is 'n gesin, opoffering en harde werk. Daarom bou ek langtermyn-verhoudings en werk met respek en toewyding aan elke besigheid se groei.

**6. Wat doen Lynicé en haar gesin in hul vrye tyd?**

Ons is maar rustige plaasmense. As ons saam op 'n trekker kan klim of tussen die diere op die plaas kan wees, is almal gelukkig. Soms ry ek sommer saam met my man tussen die lande om te kyk dat die spilpunte reg is. Die kinders geniet dit om fiets te ry en ons honde-kinders gaan natuurlik oral saam — as die bakkie se deur oopgaan, spring almal in! Alles wat ons doen, sien ons as kosbare gesinstyd.

**7. Watter drie waardes is vir jou belangrik in jou besigheid?**

Vertroue. Eerlikheid. Christelike waardes. As mense jou hul handelsmerk toevertrou, dra jy verantwoordelikheid. Ek glo aan eerlike kommunikasie, integriteit in besigheid en 'n waardestelsel wat nie verander wanneer dit moeilik raak nie.

**8. Raak dit nie vir jou eensaam om 'n eenvroubesigheid te bedryf nie?**

Ek werk alleen, maar ek werk nie in isolasie nie. Ek skakel daagliks met kliënte, kreatiewe vennote en die gemeenskap. Ek sien dit eerder as onafhanklikheid as eensaamheid. Ek kry energie uit die mense met wie ek saamwerk.

**9. Waaraan meet jy sukses?**

Ek meet nie sukses aan geld of die hoeveelheid kliënte nie. Ek meet dit aan terugvoer — daardie e-pos wat jou in trane laat omdat 'n kliënt dankbaar is vir jou omgee en passie. Soos enige mens twyfel ek soms in myself, maar wanneer iemand sê jy maak 'n werklike verskil in hul besigheid, weet ek ek doen wat ek veronderstel is om te doen.

**10. Waarom moet besighede van jou dienste gebruik maak?**

Omdat ek nie net 'n diens lewer nie — ek raak betrokke. Ek leer my kliënte en hul besighede ken en dra hul groei en sigbaarheid na aan die hart.






PEKANKONFERENSIE A-Z ORANIA



# 15 & 16 April 2026

## Banketsaal, Orania

Die A-Z Pekankonferensie word vir die derde jaar aangebied en het reeds gevestig as ’n prakties-gefokusde leerplatform vir pekanneutprodusente en plaasbestuurders wat hul boorde meer winsgewend en volhoubaar wil bestuur.

## HOOGTEPUNTE VAN ONS SPREKERS:

**Danie Coetzee**
Die rol van biomassa en hernubare energie en die geleenthede wat dit vir landbou skep.

**Saniek Du Toit**
Praktiese snoeibestuur, insluitend boomvorming, ligbestuur, seleksie, vernuwing en somersnoei.

**Jean Kuiper**
Geïntegreerde bestuur van die mot-kompleks met fokus op volhoubare plaagbeheer en effektiewe spuitprogramme.

**Johan Coetzee**
50 waardevolle lesse en insigte oor wat ons reeds van pekanneute geleer het.

**Dr. Elmi Lötze**
Die rol van koolhidrate in plantweerstand en hoe energie- en koolhidraatbestuur boordprestasie kan verbeter.

**Roelof Smit**
Die belangrikheid van die regte grondontledings in die pekanneutbedryf.

**Emile De Groot**
Die lewensiklus en beheer van bolwurm en valskodlingmot.

**Ludwig Bröcker**
Ondergrondse verdigting – Watergehalte en Grondgesondheid.

**Hilton Meyer**
Biochar versterk pekanwortelstelsels en verbeter kunsmisdoeltreffendheid.

**Johann Steenkamp**
Sap Ontledings.

**Wessel Cloete**
Markanalise en wat om te verwag van die pekanneutbedryf.

www.azpekan.co.za
063 991 4408 (WhatsApp)
087 092 6618
a-z@pekan.co.za

**Vir meer inligting of besprekings, kontak ons gerus.**

# Ons gee om vir mekaar



Wil jy gee? Koop 'n maaltyd of koffie vir iemand wat dit nodig het en plaas die strokie op die aansteekbord!



Het jy nodig? As dinge vandag knyp is jy welkom om 'n strokie te neem en by die toonbank in te ruil. Geen vrae. Geniet die kos en te drinke!

## Die Kosmol – Kombuis-Gunstelinge

### HAPPIES & ETES

**Gewone vol ontbyt** R45,00
**Voetlank Russian** R22,00
**Groot ontbyt** R60.00
**Voetlank Frankfurter** R22,00
**Pap, eiers en wors** R50,00
**Eiers Benedict** R60,00
**Omelette** R50,00
**Gesondheidsopsie; youghurt en muesli** R30,00
**Koolslaai as kantslaai** R15,00
**Beetslaai as kantslaai** R15,00
**Hoenderslaai as vol ete** R40,00
**Vleispastei Biefstuk en niertjie** R30,00
**Vleispastei Peperbiefstuk** R30,00
**Vleispastei Worsrol** R30,00
**Vis en skyfies** R50,00
**Hoenderburger** R20,00
**Ribburger** R35,00
**Biefburger** R25,00
**Boerewors pizza**R70,00
**Hawaiian pizza**R70,00
**Mengelslaai as kantslaai** R15,00
**Wortelslaai as kantslaai**R15,00
**Biltongslaai as vol ete** R50,00
**Vleispastei Hoender en sampioen** R30,00
**Schnitzel en skyfies met sous** R45,00
**Hawaiian Burger** R35,00
**Dubbeldoorburger** R60,00
**Vegetariese pizza** R60,00
**Pepperoni pizza** R70,00
**Vleislus pizza** R90,00

**Kaas R5.00 ekstra** R5,00
**Standaard Warmbrak** R15,00
**Mieliebrak (Corn Dog)** R30,00
**Chip & Dip** R25,00
**Dik skyfies** R15,00
**Dun Skyfies** R15,00
**Twee Weense worsies** R10,00

**Bestellings: Bel of WhatsApp: 084 603 1827**
**ONS LEWER AF**

## Alle paaie lei na Kosmol

## DIE TOFFIEWINKEL


PADSTAL, BILTONG, KOEKIES & BESKUIT

### 'N LANDMERK WAT JY MOET BELEEF

Al 5 jaar lank die hartklop van Orania se padstal-kultuur.

HUIS TOE NEEM BEDERFIES:

**Die Beroemde Toffies & Karamels:**
Handgemaak en verslawend lekker.
**Biltong & Droëwors:**
Ons dink dit is die beste kwaliteit in die streek.
**Tuisgemaak met Liefde:**
Beskuit, koekies, ingemaakte produkte en droëvrugte.




150mt af tot by die klimraan, volg die reuk van vars kos

**Tye:**
Maandag tot Vrydag 08:00 tot 19:00 en Saterdag 08:00 tot 14:00

**Kontak:** WhatsApp en selfoon **Jan 084 603 1827**
**Adres:** Saamstaangebou (Ou Oraans), Saffierstraat, Orania

## Die Kosmol – Koue & Warm Dorslessers

### DRANKIES VIR ALLE OMSTANDIGHEDE

**DIE KOFFIEKAMER:**

Cuppuccino's, Latte's, Moerkoffie met skop en meer vir elke smaak

**IETS YSKOUD:**
Melkskommels (die dik soort!), Borreltee, Frappe's, Slushies, Vrugtesappe en Koeldranke.

**SPESIAAL:**
Probeer ons eie Yskoffie –
**DIE BESTE TEEN DIE ORANIA-SON!**




***Skoolvakansie by Die Kosmol***
***Graad 3 tot 6** - inkleurkompetisie*
***Gr 11 en 12's opstel** – Hoe om Orania se ekonomie te verbeter*
***Hou die Kosmol se sosiale media spasie dop vir meer inligting!***

**Bestellings: Bel of WhatsApp: 084 603 1827**
**ONS LEWER AF**

# Maatskaplikewerkmaand

Dit is Maatskaplikewerkmaand
Maatskaplike werkers speel 'n belangrike rol in ons gemeenskap deur mense te ondersteun, te beskerm en te bemagtig. Orania Helpmekaar is bevoorreg om drie maatskaplike werkers by ons te hê.
Gedurende Maatskaplikewerkmaand erken ons die toewyding van hierdie professionele persone, en fokus ons ook op die opleiding, etiese riglyne en wetgewing wat help om die beroep verantwoordbaar en professioneel te hou.
Maatskaplike werkers is professionele persone. Tydens Maatskaplikewerkmaand word daar veral gefokus op die faktore wat maatskaplike werkers aanspreeklik en verantwoordelik hou in die uitvoering van ons pligte.
Maatskaplike werkers beskik oor ten minste 'n vierjaargraad (honneurs), waartydens opleiding in verskeie aspekte van die beroep ontvang word, insluitend relevante wetgewing, etiese riglyne en professionele praktyk.


Orania Helpmekaar– saam met die gemeenskap, vir die gemeenskap.
oraniahelpmekaar.co.za












# GRONDLYN Die Gees van Christus pas 'n stad op

- dr Wikus Buys


"As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter." Ps. 127:1 Hierdie psalm herinner ons daaraan dat mense se werk, sonder God se hulp, op niks uitloop. Die Bybel leer 'n baie nou verband tussen God se werk en mens se werk. Wanneer mens met bouwerk besig is, geld hierdie waarskuwing altyd. Wanneer 'n volk 'n nuwe stad en streek wil bou, moet ons dit soveel te meer ter harte neem. Die Here Jesus het immers gewys op die verskil tussen bouwerk wat in geloof gedoen word en bouwerk wat in ongeloof aangepak word. "Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het." (Mat. 7:24). Wanneer mens jou lewenstaak aanpak en op die Rots, Jesus Christus bou, deurstaan dié bouwerk ook storms en stote van die wêreld en die duiwel.

**God bewaak sy bouwerk**

Die Here pas ook sy eie bouwerk op. Dit is iets waarmee die Heilige Gees spesifiek by betrokke is. Die Here waak oor sy bouwerk. Die Hebreeuse woord vir "bewaar" beteken om nougeset en met oplettendheid 'n groot skat op te pas. Wat is so waardevol, wat maak iets die moeite werd om op te pas? Ons as mense het natuurlik ons eie redes waarom iets of iemand vir ons waardevol is. Maar Psalm 127 wys in profetiese taal die stad Jerusalem, spesifiek die Sionsberg waar die tempel van God gestaan het, as waardevol aan. Wat maak dit nou so waardevol? Die antwoord: God woon daar. (Jes. 8:18). Voor die koms van Christus het God die plekke gekies waar Hy sy Naam sou openbaar en sy heerlikheid sou toon. Die plekke word in die Bybel vir ons gewys, eers Silo, en toe die tabernakel, toe die tempel van Salomo in Jerusalem. Uiteindelik is dit alles vervul in die koms van Jesus Christus wat met die Heilige Gees gesalf is en op Hom gebly het. In Joh. 1:33 getuig Johannes die Doper: "... Hy wat my gestuur het om met water te doop, Hy het aan my gesê: Op wie jy die Gees sien neerdaal en op Hom bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop." Kinders van God is die lewende stene waarmee God sy huis bou. Soos wat dit in die Ou Testament vooraf geprofeteer is deur die stad Jerusalem en die tempel, so word dit werklikheid in die gelowiges se lewe in die Nuwe Testament. God is heilig jaloers op sy blyplek, op sy mense, op sy woning waaraan Hy sy Naam gekoppel het. God bewaak sy heiligheid en sy heerlikheid. Daarom geld die Goddelike reël nou nog vir die woonplek van God by die mense: 'As die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter'.

**Wat pas ons alles op?**

Daaruit kom waarskuwing en troos. Ons kan keer en oppas soveel ons wil – as die Here nie die basis is van dit wat vir ons belangrik en kosbaar is nie, dan werk ons verniet. Dan bou ons tevergeefs, dan kan 'n hele volk se werk tot niks kom. Laat elke geslag dit as 'n waarskuwing voor oë hou: is die goed wat jý oppas, ook die goed wat God se Gees wil oppas. Mens kan ook sondes bewaar, jy kan sondige gewoontes oppas om dit te wil behou. Ons bou met 'n nuwe arbeidsetiek aan Orania. Laat ons weet dat ons daarin nie dinge moet oppas wat God nie self met sy Gees in ons wil bewaar nie. Die sonde van uitbuiting van goedkoop arbeid is iets wat die Heilige Gees beslis nie in bewaring hou nie. As die Here ons stad nie bewaar nie, is al ons dade vir die wind. Ons mag egter ook as Oraniërs groot troos daaruit put dat die Gees van Christus onder ons woon en werk. Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus kom die inwoning van die Heilige Gees in mense se lewe na vore. God woon in sy kinders. God is naby die wat Hom vrees. Hoe onbeskryflik ryk en troosvol is dit – ook vir mense wat 'n stad en 'n staat wil bou. Die Gees van Christus pas self die stad op waar God bly. Laat ons met volle vertroue werk en bou want ons weet: ons werk nie tevergeefs nie, solank as wat ons op die Rots Christus bou en sy Gees in ons lewe.




# MENINGS OPNAME Gesondheidsorg

**Waarom is dit voordelig om 'n Gesondheidsentrum in Orania te hê waar mediese dienste vir inwoners en besoekers gelewer kan word? Lede van die gemeenskap praat saam.**


Anné van Zyl

'n Plaaslike Gesondheidsentrum grens eintlik aan 'n noodsaaklikheid, nie net "voordelig" nie. In die afgelope maand het ons twee maal die behoefte gehad om dringend 'n dokter te sien (een maal vir 'n wond en een maal vir gemoedsrus). Wanneer dit by 'n mediese behoefte kom, is tyd 'n baie belangrike faktor. Dit is dus volgens my 'n noodsaaklikheid, ook vir ekonomiese groei om uiteindelik ook afgetrede inwoners met gemoedsrus te kan akkommodeer.


Lia Wolhuter

'n Mediese sentrum in Orania is nie 'n luuksheid nie — dis 'n noodsaaklikheid.
Wanneer 'n noodgeval gebeur, maak minute saak. Dan beteken dit alles om hulp naby te hê, en nie eers na 'n volgende dorp te moet ry nie.
Dit maak ook gewone gesondheidsorg makliker: mense kan vinnig kom inloer vir 'n ondersoek, wat help om probleme vroeg op te tel en die gemeenskap gesonder te hou.
Daarby skep dit werk, versterk die plaaslike ekonomie en maak die dorp meer aantreklik vir nuwe gesinne en besoekers.
Uiteindelik gee dit die gemeenskap iets wat jy nie kan koop nie: gemoedsrus.
Die wete dat wanneer dit regtig tel, daar na jou gekyk sal word.


Sanri Stone

'n Gesondheidsentrum in Orania is van kardinale belang om te verseker dat beide inwoners en besoekers met gemoedsrus met hul daaglikse aktiwiteite kan aangaan sonder om te bekommer dat hier nie voldoende gesondheidsorg is wanneer hulle dit benodig nie. 'n Na-ure diens is ook 'n groot noodsaaklikheid want noodgevalle kies nie watter tyd van die dag om te gebeur nie. Voldoende gesondheidsorg is n belangrike trekkrag na Orania. Mense wil naby hospitale en dokters wees, veral wanneer hulle gesondheidsprobleme ondervind, ouer raak en ook ouers met klein kindertjies. Dit was een van die groot oorwegings toe ons 5 en half jaar terug hierheen getrek het.
Ek is dankbaar vir die vordering wat reeds gemaak is met die nuwe gesondheidsentrum.









# KKNK 2026 vier 30 jaar

Vanjaar word die KKNK, van Saterdag 28 Maart tot Saterdag 4 April op Oudtshoorn aangebied. Die volledige program vir die 30ste KKNK, is aanlyn beskikbaar by kknk.co.za. Kaartjies is te koop by Webtickets of die KKNK se kantoor. Vir meer inligting, besoek kknk.co.za of kontak 044 203 8600, info@kknk.co.za of stuur 'n WhatsApp na 065 285 2337.

KLEIN KAROO NASIONALE KUNSTEFEES

# Nadia is 'n fikse voorbeeld vir baie

Dia van Staden

Die Bloemfontein Battlegrounds, 'n funksionele fiksheidskompetisie, is op Saterdag 14 Maart aangebied. Nadia Kuit, 'n maatskaplike werker van Orania Helpmekaar is 'n bekende gesig wanneer dit by enige uitdaging oor krag en fiksheid gaan. "Dit was rof, dit was taai, dit was bitter lekker. En wanneer jy dink jy raak moeg… hou aan beweeg. Wat 'n resies!" beskryf sy in haar Facebookinskrywing na haar wenpoging vir solo vroue! Individue kon in spanverband vir mans of vroue of gemeng deelneem. In die verskillende afdelings van 10 rondtes moes Nadia byvoorbeeld bande omdop, baie swaar emmers dra, kraploop doen en tussen elke stasie moet atlete 500m na die volgende stasie hardloop. Alles gebeur binne die vinnigste moontlike tyd.

Koerania wens Nadia geluk met haar oorwinning!


Foto: Verskaf
Nadia Kuit in aksie tydens die Bloemfontein Battlegrounds se uiters uitdagende fiksheidskompetisie.

# Orania Rolbalklub rol in Luckhoff

Die Orania Rolbalklub het op Saterdag 7 Maart aan 'n Drieë–Opedag op Luckhoff deelgeneem. Luckhoff het ń pragtige baan en die baan vol met 42 spelers van oraloor in die Vrystaat en Noord-Kaap. Francois van Schalkwyk, speler en bestuurslid van die Orania Rolbalklub, vertel dat spelers van ander klubs nie kan wag om in Orania te kom speel nie. "Ons kry net goeie wense en morele ondersteuning van ander spelers af," vertel hy.

Kontak vir Francois van Schalkwyk by 073 089 1604 om op die Whatsapp-groep van die klub gevoeg te word.

Luckhoff se rolbalbaan is pragtig.



Foto: Verskaf
Riaan Els (lei), Francois v Schalkwyk (skip) en Pierre Harmse het Orania tydens die kompetisie verteenwoordig.




KOERANIA Sport






# SPORT GIDS

**Amateurstoei**
Tinus V Dyk @ 073 169 3505
Willem Strauss @ 0792990631
Dinsdae en Donderdae 16:00 tot 17:00 .Vir laerskool stoeiers ouer as 5 jaar
17:30 tot 19:00 vir hoërskool en senior stoeiers
Hoek van Olienhoutrylaan en Ysterklipstraat

**Atletiek**
Orania Atletiekklub
Christo Muller @ 083 628 0272
Tydtoets elke Woensdag
4km vanaf Gemsbok Instituut
18h00 in die somer en 17h30 in die winter
Tye word geneem vir ranglys



**Boogskiet**
Willem Jacobs
@ 083 661 9707
Dinsdae om 16:00
Telegram: Koedoe Boogskiet Akademie
Gratis opedag maandeliks

**Dans - Akrobaat/Modern/Hip-hop/Ballet**
Janél Cornelius @ 068 589 9227
Gemeenskapsaal se Sysaal
Maandae tot Donderdae - Kontak vir rooster per ouderdom en dansstyl

**Fietsry**
Orania Fietsryers
Dewald Otto @ 084 557 4223 (Whatsapp groep). Groepritte Dinsdagmiddae / Saterdag- oggende . 'n Sosiale groep met verskillende vlakke van fiksheid

**Hokkie**
Jané Ebersohn @ 0722419142
Orania Sportterrein
Dinsdae en Donderdae 15:00 tot 16:00


**Kirsten Balletskool**
Eldien Kirsten @ 076 712 7801
Saamstaan Sentrum
Woensdae en Donderdae 13:00-17:30
(klas 30-60min)
Oranjerivier Gimnastiekklub

**Muurbal**
Johan Scholtz @ 076 859 8082

**Jukskei**
Thinus van Dyk @ 073 169 3505
Jukskeibane by dorp se netbalbane
Maandae en Woensdae vanaf 17:30

**Orania Sportskiet**
Johan van Loggerenberg @ 079 335 1621

**Paaldans en lugnastiek**
Yoraldé Grotius @ 082 065 8593
Saamstaan Sentrum
Maandae en Dinsdae
16:00 - 17:00 Lugnastiek
17:00 - 18:00 Paaldans
Woensdae
16:15 - 17:15 en 17:15 - 18:15 Paaldans
Donderdae
16:00 - 17:00 Kondisionering






**Perdry**
Jessica Bornman
@ 082 823 2541
Orania Perdryskool
Oewerlaan

**Pilates klasse vir dames**
Saamstaan Sentrum
Eldien Kirsten @ 076 712 7801
Ma en Don 07:00-07:45 en 17:15-18:00

**Pluimbal**
Koos le Grange @ 083 568 703
Gemeenskapsaal. Tye wissel.





**Ritmiese Gimnastiek, Pom-poms en Strek**
Michelle Jacobs @ 0823400265
Saamstaan Sentrum
Maandae tot Vrydae, 13:30 – 18:00

**Rolbal**
Orania Rolbalklub
Voorsitter: Francois van Schalkwyk
0730891604 / francoisvs57@outlook.com
Nuwe rolbalbaan tans onder konstruksie.

**Sportklub:**
Rugby, Netbal en Hokkie
Hendri/Marike Labuschagne
0724535577 / 0726042564

**Swem**
Hester Botha @ 082 093 4352



**Tennis**
Willie Steenkamp @ 082 490 4935
Orania Tennisbane, Pêrellaan
Saterdae om 16:00

**Tenshinkan Karate Orania**
Henk Steyn
076 790 8843
Volkskool Orania
16:30 tot 17:30







